

Salf met olie, Ramshorings en die Nuwe Testament –Nick Maartens

’n Mens hoor vandag van hoe deurkosyne, grenspale, ingange van dorpe en stede en selfs motors met olie gesalf word met die idee dat dit die bose sal weghou. Onlangs ook gehoor van sitplekke wat gesalf word en dat daar dan verklaar word dat almal wat daarop gaan sit, tot bekering sal kom. Ander glo weer dat die blaas van ramshorings demone uit plekke sal verdrywe. As motivering word Ou Testamentiese verse soos **Num.29:1, Deut.30:2 en Jos.6:4-20** aangehaal. Die leringe van rabbi’s in die Terug-na-die-Hebreeuse-Wortels-Beweging het ook ’n groot invloed op wat geglo en gedoen word. Toe die gemeentes van die vroeë kerk onder die invloed van allerhande dwaallering gekom het, het Paulus hulle gemaan om nie te dink “*bo wat geskrywe is nie*” (**1 Kor.4:6**). Omdat die meeste van die Korinthiërs bekeerlinge uit die nie-Joodse heidendom gekom het, is dit net logies dat hulle in terme van hierdie vermaning nie aan die Torah sou gedink het nie, maar aan die leringe van Paulus soos uiteengesit in sy sendbriewe wat vandag in die Nuwe Testament ingesluit is. Om die Bybel reg te verstaan moet die implikasies van die verskil tussen die Ou en die Nuwe Testament goed verstaan word. Om sonder diskriminasie die inhoud van die Ou Testament in ’n Nuwe Testamentiese dispensasie van toepassing te maak, kan tot ernstige dwaling lei. So byvoorbeeld, behalwe vir die opdrag om siekes met olie te salf en vir hulle te bid (**Jak.5:14**), is daar geen ander opdrag in die Nuwe Testament om dooie voorwerpe te salf nie.

Wanneer het die Nuwe Testament in werking getree?

Die meeste mense dink dat die begin van die Nuwe Testament aangedui word deur die fisiese verdeling in die Bybel tussen die einde van die Ou Testamentiese boek Maleagi en die begin van die boek Matteus. Daar word nie in ag geneem dat die Nuwe Testament eers in **Matt.26:26-28**, by die geleentheid wat as die laaste Avondmaal bekend staan, aangekondig is nie. Terwyl Jesus die brood geneem het, het Hy aan Sy dissipels gesê: “*Neem, eet, dit is my liggaam.*” Terwyl Hy die beker opgeneem het, het Hy aangekondig: “*Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sonde*” (**Matt.26:26-28**). Nog nie ’n druppel van Jesus se bloed het op daardie stadium gevloei nie. Hy moes dus na iets verwys het wat nog moes gebeur. Ons weet nou dat Hy voorspel het wat kort daarna met Hom op die kruis sou gebeur.

Meer duidelikheid word verkry wanneer ons **Heb.9:15-17** bestudeer. Hierdie Skrifgedeelte verduidelik dat ’n testament nie in werking kan tree voor die dood van die testamentmaker nie. “*Want waar ’n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; want ’n testament is geldig by sterfgevallen, aangesien dit nooit van krag is solank as die testamentmaker nog leef nie.*”

Dit is dus duidelik dat die Nuwe Testament met die dood van Jesus op die kruis in werking getree het. ’n Begrip van hierdie Bybelse feit is uiters noodsaaklik om die Skrif reg te verstaan en dit korrek te interpreteer. Baie van Jesus se woorde voor Sy kruisiging, was gerig aan mense wat nog in konteks van die Ou Testament geleef het en wat dus nog onder die wet van Moses was.

’n Fisiese Demonstrasie van die begin van die Nuwe Testament

Dwarsdeur die Bybel sien ons hoe God gebruik maak van fisiese demonstrasies om geestelike waarhede te verduidelik en te illustreer. In **I Korinthiërs 10** verduidelik Paulus byvoorbeeld die simboliese betekenis van die rots wat deur Moses in die woestyn met 'n staf geslaan is. Hy verduidelik dat die rots Christus simboliseer. In **Johannes 3** maak Jesus ook van Ou Testamentiese simboliek gebruik om Nikodemus 'n geestelike beginsel te leer; net soos die koperslang aan 'n paal opgehang moes word sodat elkeen wat daarna kyk gesond kon word, moes die Seun van God aan 'n kruis hang vir die redding van sondaars (**Num. 21:8-9**). Daar is nog baie ander voorbeelde wat uit die Skrif aangehaal kan word. Die veelseggendste simboliese gebeurtenis in die Skrif vind plaas op die oomblik toe Christus Sy laaste asem op die kruis uitblaas – die voorhangsel, wat die heiligste plek in die Joodse tempel afgesonder het, skeur van bo na onder middeldeur. Dit was agter hierdie dik gordyn waar God Sy teenwoordigheid aan die hoëpriester gemanifesteer het. Net voordat Jesus sterwe het Hy gekreun: *“Dit is volbring”* (**Joh.19:30**). Hierdie woorde van Jesus impliseer dat Hy die taak waarvoor Hy aarde toe gekom het, voltooi het. Die volle betekenis van hierdie voltooide taak word simbolies deur die skeuring van die voorhangsel geïllustreer. Die implikasie van hierdie simboliese gebeurtenis is so verreikend, dat dit die Bybel in twee dele verdeel, die Ou en die Nuwe Testament. Die skeuring van die voorhangsel was 'n bonatuurlike teken waardeur die Vader simbolies 'n nuwe era aangekondig het. **“Hiermee maak die Heilige Gees duidelik dat die pad na die Allerheiligste toe nie oop is solank as die voorste gedeelte van die verbondstent bestaan nie”** (**Hebreërs 9:8**). Verwysende na die bepalinge van die Ou Testament verklaar **Heb.9:10** dan verder: *“Dit is voorskrifte wat slegs die uiterlike raak en wat opgelê is tot die tyd dat God 'n beter orde sou instel.”*

Die verdeling tussen die ou en die nuwe dispensasie vind dus nie plaas aan die einde van die boek Maleagi nie, maar val saam met die presiese oomblik van Christus se sterwe aan die kruis. Dit word simbolies bevestig deur die gepaardgaande skeuring van die voorhangsel in die tempel. Sonder 'n sinvolle begrip van wat God dáárdie dag simbolies in die tempel gedoen het (onthou dit is van bo na onder geskeur), is dit moeilik om ten volle die nuwe dispensasie van die Nuwe Testament te waardeer en te verstaan. Ongelukkig, as gevolg van so baie dogmas en praktyke wat nie hulle oorsprong in die Nuwe Testament het nie, ervaar baie Christene nie die volle voordeel van die *“beter orde”* nie. Ou Testamentiese mentaliteit en oorlewering speel nog steeds 'n belangrike rol in wat geglo en gedoen word (byvoorbeeld die self van voorwerpe en die blaas van ramshorings).

Eintlik, as die skeuring van die voorhangsel en wat dit simboliseer, nie die middelpunt van jou teologie vorm nie, is dit moeilik om te verstaan hoe die Bybel reg geïnterpreteer kan word. Eintlik kan die Ou Testament eers reg verstaan word as dit deur die bril van die Nuwe Testament gelees word. Die Ou Testament bevat die skadubeelde en voorbeelde van die Realiteit, Jesus Christus, ons Messias. Die skadubeelde illustreer en bevestig profeties die waarhede van die nuwe bedeling. 'n Paar voorbeelde:

Gen.3:15 – God sê aan Satan: *“Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal Hom in die hakskeen byt.”* (Profetiese uitspraak van Jesus wat Satan op die kruis oorwin – *“...en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het”* (Kol.2:14-15).

Ex.17:6 – Water uit die Rots. Skadubeeld van Christus wat op die kruis “geslaan” is en die Lewende Water wat uit Sy soendood vloei vir dié wat glo. Nuwe Testamentiese verduideliking van die Rots – “...Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en **die rots was Christus**” (1Kor.10:1-4).

Num 21:9 – “Toe het Moses ‘n koperslang gemaak en dit op ‘n paal gesit: en as ‘n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly.” – Nuwe Testamentiese vervulling van die skadubeeld – **Joh 3:14-15** – “En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

Jes. 53:5 – “Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” – N.T. vervulling: Die kruisiging.

Luk.24:27 – “En Hy (Jesus) het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.”

Gevolgtrekking: Die Ou Testament kan goed gebruik word om deur die skadubeelde en die geskiedenis van Israel, die geestelike waarhede van die Nuwe Testament te illustreer en te verduidelik. Paulus doen dit in 1 Kor.10. Daar is egter ‘n groot verskil om deur Ou Testamentiese voorbeelde Nuwe Testamentiese waarhede te verduidelik en profetiese waarhede te bestudeer en om, soos die Hebreeuse Wortels Christene, dit te gebruik om godsdienstige reëls te formuleer.

DIE LERINGE VAN JESUS EN DIE VERVULLING VAN DIE WET

“Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal ek vergelyk met ‘n verstandige man wat sy huis op die rots bou” (Matt.7:24).

Waarna verwys Jesus as Hy praat van sy “**woorde**” wat gehoorsaam moet word? Verwys “**hierdie woorde**” na die woorde van die Torah of die woorde van Moses? Die konteks wys duidelik dat dit na sy eie woorde wat in **Mattheüs 5,6 en 7** opgeteken is, verwys. “**Hierdie woorde**” staan in die algemeen as die “Bergpredikasie” bekend. Jesus se woorde is nie net mooi voorstelle nie, maar gesaghebbende uitsprake wat in die Nuwe Testament sy geboorte genoem word (**Joh.13:34, 1 Joh.1:3, Luk.6:46**). Hierdie bevel druk die hoë standaard uit wat Jesus van Sy dissipels verwag.

Ons sien dat Jesus sommige vereistes wat deur die Wet gestel word, soos byvoorbeeld besnydenis, heilige dae, feeste en die betaal van tiendes, ignoreer, terwyl Hy ander dinge wat onder die wet toegelaat is, soos byvoorbeeld maklike egskeiding en die neem van ‘n eed, verbied. Daar is weer ander dinge wat glad nie deur die Wet genoem word nie, soos byvoorbeeld om jou vyande lief te hê en vir hulle te bid, wat deur Jesus beveel word. As jy na al die gedeeltes in die Ou Testament kyk waar God die uitwissing van die vyande van Israel beveel het, dan kan jy die afleiding maak dat God wou hê dat hulle hul vyande moes

haat! Dit lyk ook of Jesus ander dinge van die Wet, soos byvoorbeeld Moses se voedselwette, heeltemal weerspreek:

“ ‘Begyryp julle nie dat niks wat van buite af in ñ mens ingaan, hom onrein kan maak nie, omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?’ Daarmee het Hy alle kos rein verklaar” (Markus 7:18-23, NAV).

‘n Torah-aanhanger het eendag aan my verklaar: *“Jy kry al tien die gebooie van die Torah in Jesus se leringe.”* “Ja,” het ek aan hom gesê, *“Maar jy kry nie al Jesus se leringe in die Torah nie!”*

Die verskil tussen die Ou en Nuwe Testament kan vergelyk word met ‘n nuwe kontrak wat tussen ‘n werkgewer en werknemer opgestel word omdat hulle nie meer tevrede is met die bepalings van die oue nie. Hulle kom ooreenkom om in die nuwe kontrak ñ stel beter voorwaardes te inkorporeer. As die betrokke partye dit aanvaar en teken, verval die oue. So werk dit ook met testamente. Die nuwe getekende dokument vervang die oue en die bepalings van die vorige is nie meer van krag nie. Dit beteken egter nie noodwendig dat al die beginsels en voorwaardes van die oue verval het nie; die nuwe kan op die beginsels van die oue voortbou en verbeter en meer omvattende bepalings daar stel. So het dit ook met die ou Verbond gebeur. Omdat God nie tevrede was met die stel bepalings wat daarin vervat is nie, het Hy sy Seun gestuur om ‘n beter bedeling te kom inisieer (**Heb.7:22 – “...in sover het Jesus van ‘n beter verbond borg geword”**).

DIE VERVULLING VAN DIE WET (Matt.5:17)

Die volgende tabel illustreer die vergelyking van hoe die leringe van Jesus die Wet “vervul.” Soos in die tabel gesien kan word, weerspreek Nuwe Testamentiese openbaring nie een van die morele beginsels van die oue nie. Inteendeel, in plaas daarvan dat die ou wet afgeskaf word, kry dit op ‘n veel hoër vlak nuwe geestelike en morele betekenis.

Die Tien Gebooie

1. Geen ander gode (Ex. 20:3).
2. Geen gesnede beeld (Ex. 20:4).
3. Die Naam van God mag nie ydellik gebruik word nie.
4. Sabbat – Heilig en rus een dag uit sewe.

Die Nuwe Testament

1. Ek is die Weg... (**Joh. 14:6**). “Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam...waardeur ons gered moet word nie (**Hand. 4:12**).
2. **Rom. 1:22-25**. Die beeld van God mag nie verander word na die gelykenis van iets in die natuur nie.
3. Nie net ydellike gebruik van God se Naam nie, maar moet ook van elke ydele woord rekenskap gee (**Matt. 12:36**).
4. Sabbat, tipe of skadubeeld van lewe van rus in Jesus Christus (**Heb. 4:10, Joh.6:28-29**).

- | | |
|--|--|
| 5. Eer ouers (Ex. 20:13). | 5. (Ef. 6:1-4) Nie net moet kinders hulle ouers eer nie, maar ouers word ook aangespreek om nie hulle kinders te terg nie, maar in die Here op te voed. |
| 6. Mag nie doodslaan nie (Ex. 20:13) | 6. Sal verantwoording moet doen vir elke beledigende en kwaadwillige gesindheid (Matt. 5:22) . |
| 7. Mag nie egbreek nie (Ex. 20:15). | 7. Deur net met begeerte te kyk, word reeds oortree (Matt. 5:22) |
| 8. Jy mag nie steel nie (Ex. 20:15). | 8. Moet nie net ophou steel nie, maar moet ook produktief wees om te kan deel (Ef.4:28) . |
| 9. Mag nie vals sweer nie (Ex. 20:16). | 9. Mag nie sweer nie. Jou ja moet ja wees (Matt. 5:33-37) |
| 10. Mag nie begeer nie (Ex. 20:17). | 10. Gedrag moet vry wees van gierigheid (Heb. 13:5, 1 Tim. 6:6-10) . |

Verlos van die vloek van die Wet

Gal 3:13 – “Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang.”

Rom.7:6 – “Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was...”

Paulus verduidelik die twee verbonde goed na aanleiding van Abraham se verhouding met Sara en Hagar:

“Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde...Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie. Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye. Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie” (Gal.4:24-31, Gal.5:1).

Van die Joodse Wortels leraars beweer dat die enigste manier wat die Nuwe Testament verstaan kan word, is om na sy Joodse wortels in die Ou Testament terug te keer. Min dink daaraan dat net mooi die teenoorgestelde waar is – **om die Ou Testament te kan verstaan, moet jy eers weet wat in die Nuwe Testament geopenbaar word!**

Oorweeg die volgende feite

Die mense was verslae oor Sy leer

As Jesus die Torah verkondig het, waarom was die mense **“verslae oor Sy leer?” (Matt.7:28-29)**. Hulle sou mos nie verbaas gewees het oor dinge van die Torah wat gereeld deur die

rabbi's aan hulle verkondig is nie! Om hulle verslaentheid te veroorsaak, moes Jesus dus iets radikaal anders verkondig het as waaraan hulle gewoon was.

So het dit wat Paulus verkondig ook opslae onder die Jode gemaak. Hy is daarvan beskuldig dat hy “*n verwekker van oproer onder al die Jode in die wêreld...*” was (Hand.24:5)? Was dit nie oor sy radikale standpunt ten opsigte van die Wet wat hy met “*minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls*” vergelyk nie? (Gal.4:9).

Jesus die Hoogste Gesag

Jesus is die hoogste gesag omdat Hy deur die Vader gestuur is en deur Hom aangesê is wat om te sê. Dít word oor en oor deur Jesus bevestig:

“Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My ’n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek” (Joh.12:49).

Dus, as jy Jesus hoor, hoor jy wat God aan die wêreld wil sê. Dit is dan ook hoekom Jesus se woorde so gesaghebbend is. Jesus self het gesê:

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde” (Matt.28:18).

Jesus se gesag oortref die gesag van die belangrikste profeet wat nog ooit op die aarde geleef het! In die derde hoofstuk van Hebreërs lees ons dat selfs Moses, een van die grootste profete ooit, aan Jesus ondergeskik is. Jesus is die gesaghebbendste persoon in die heelal! Betreffende alle dinge spreek Hy die laaste woord, want dit is God die Vader wat deur sy Seun praat!

“Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun” (Heb.1:1,2).

Alles wat dus vandag gebeur, of dit nou in die kerk of in die wêreld is, kan in die lig van Sy woorde geëvalueer word.

Die voorwaarde om waarheid te ken

“As julle in My woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Joh.8:31-32).

Dit is interessant om daarop te let dat Jesus nie sê dat as daar aan Moses of die Tien Gebooie of aan Calvyn of Luther, of aan enige ander moderne profeet, of aan enige kerk se belydenisskrifte, getrou gebly word, ’n mens die waarheid sal ken nie – nee, Hy sê dat as daar aan Sy woorde getrou gebly word, sal ’n mens die waarheid ken!

Diegene wat ongehoorsaam was aan Sy woorde het Hy so aangespreek:

“En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?” (Luk. 6:46).

Kontekstuele studie van wat in die Nuwe Testament geskrywe staan, lewer oorgenoeg getuigenis dat die Vader nie Sy Seun beveel het om Torahonderhouding as ’n godsdienststelsel te verkondig nie, maar om dissipels te maak deur sy eie leringe (Matt.28:18-19).

Paulus se bedieningsmetode

Toe Paulus in Athene kom was hy verontwaardig oor al die afgodsbeelde wat daar voorkom. In plaas daarvan om die beelde en die ingange van die stad met olie te salf en om ramshorings te blaas om die bese weg te jaag, het hy daagliks op die plein met mense geredeneer en die evangelie verkondig. In die oorspronklike Grieks word verskillende woorde gebruik om te beskryf wat hy gedoen het:

Hand.9:29, συνεζητει, *sunezhteï*, (bespreek); **9:22**, συνεχουνεν, *sunecunen*, (oorbluf); **17:2,17**, διελεγετο, *dielegeto*, (geredeneer); **18:4,19,28**, διελεγετο, *dielegeto*,

(weerlê), διακατηλεγγέτο; **19:8,9**, (redeneer), διαλεγόμενος; **24:25**, διαλεγόμενου, *dialegomenou*, (redevoer).

Om mense te **oortuig** (Hand.17:4, 18:4, 19:8,26; 28:23,24) het Paulus soms ook vir lang tydperke in een plek gebly. In Efese het hy byvoorbeeld vir twee jaar, daaglik in die saal van Tirannus gepraat en besprekings gehou (**Hand.19:8-10**). Sommige vertalings voeg by dat hy dit daaglik vanaf tienuur tot drie-uur gedoen het. Vyf uur se Woordverkondiging per dag! (Amp.Bible). Geen wonder dat daar in vers 10 staan: “...dat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke” (**Hand.19:10**). Vandag glo sommige liggelowiges dat op grond van Ou Testamentiese gebruike, die bose met die blaas van ’n ramshoring weggejaag kan word en dat ’n hele parlement tot bekering kan kom deur net sitplekke met olie te salf! Ou Paulus kon hom soveel moeite gespaar het as hy maar net van hierdie metodes geweet het!

Op dieselfde liggelowige manier, gegrond op onbybelse metodes, is die Vrystaat in 2012 ge-“dedicate to the Lord” en daar is verwag dat die land nou ’n skaapnasia sal word met toegang tot “fast track answer to prayer.” Omdat daar geglo is dat die bose ’n terugslag toegedien is, sou ’n nuwe era van voorspoed aanbreek. Dieselfde is weer deur ’n groep in 2014 gedoen, met dieselfde resultaat – ontnugtering; die misdaad en korrupsie duur onveranderd voort en in lyn met wat God se Woord voorspel, word dinge net erger! – “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God” (**2Tim.3:1-4**).

Die Bybel maak dit duidelik dat God alles hier op die aarde kom restoreer, nie deur die kerk nie, maar deur die Wederkoms van Sy Seun. **Fil.3:20-21** stel dit so: “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking **waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.**” Profetiese word dit ook in die Ou Testament voorspel: “Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin, totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het” (**Dan.7:21-22**)..

Slotsom

In plaas van gebruik te maak van ’n mengsel van Ou Testamentiese rabbiniese teologie en onbybelse moderne “Koninkryk-nou” metodes, is dit die plig van elke gelowige om die boodskap van persoonlike sondebelydenis en geestelike wedergeboorte deur geloof in Jesus Christus, te verkondig (**Matt.28:19-20**).

Die sensasionele dinge waarmee baie Christene hulle vandag besig hou, is maar net ’n voorbeeld van misplaaste geesdrif wat as herlewing geïnterpreteer word. Dit is deel van die mens se begeerte om sy eie toekoms te manipuleer sonder om God se wyere profetiese uitsprake, soos in die Skrif geopenbaar, in ag te neem.

Paulus som hierdie mense goed met hierdie woorde op: “Want ek getuig van hulle dat hulle ’n ywer vir God het, maar sonder kennis” (**Rom.10:2**).

Relevante artikels wat op my webtuiste gelees kan word:

Bind van Satan
Mistieke Geestelike Oorlogvoering
Moderne Profete en NAR
Transformasie

Nick Maartens

Langenhovenpark, Bloemfontein, 0827826074

E-pos: nickmaartens@hotmail.com; Webtuiste: www.nickmaartens.co.za